

# DIE EEUFEESLIED



Mr. Otto C. Gafner, komponis van die bekroonde lied.

**MNR OTTO CHRISTIAAN GAFNER**, die wenner van *Die Huisgenoot*-wedstryd om 'n Eeufeelied, is 'n musikonderwyser en gee klasse op Pretoria en Rustenburg. Hy is op 10 Maart 1899 in Johannesburg van Switserse ouers gebore, en gee al vanaf 1919 onderwys in musiek.

As jong musikstudent het mnr. Gafner onder prof. H. Newbould gewerk, en op aanbeveling van Oscar Beringer, is 'n beurs deur die Universiteit van Suid-Afrika in 1915 aan hom toegeken. Dit was ook Oscar Beringer wat hom die raad gegee het om musiek-onderwys as beroep te aanvaar. Mnr. Gafner het hom veral toegelê op klavierspel en het 'n tyd lank lesse gehad aan die beroemde skool van Tobias Matthay in Londen. In 1935 is hy weer oorsee om die Lisensiaateksamen (klavier) van die *Royal Academy of Music* af te lê en om in sy studies spesiale aandag aan komposisie te wy.

By openbare klavieruitvoerings van mnr. Gafner in Pretoria is daar van sy liedere voorgedra, en op die oomblik is twee daarvan: *Jacarandas* en *The Reeds* by die drukkers in Engeland. In 'n brief aan die Redaksie maak mnr. Gafner melding van die vreugde wat dit hom gee om by wyse van hierdie Eeufeelied ook sy deeltjie by te dra tot die groot nasionale fees vanjaar ter ere van die Voortrekkers.

## VERSLAG VAN DIE BEOORDELAARS.

Die mededinging het oor die vyftig toonsettings van die voorgeskrewe gedigte of gedigte na vrye keuse van die toonsetters uitgelok. Hiervan was tien goed, ongeveer twintig gangbaar maar medioke en die res swak. Die beoordelaars moes eindelijk, na 'n uitskakelingsproses, besluit tussen die toonsettings van mnr. Otto Gafner en mnr. Arnold van Wyk en het aan dié van eersgenoemde die prys toegeken. Albei komponiste is blykbaar musikaal geskool, en hul toonsettings is baie verdienstelik. Mnr. Gafner se werk is eenvoudiger, ritmies interessanter en singbaarder as dié van mnr. Van Wyk, die bekoring van wie se stuk meer op die elegante harmonie van die begeleiding berus en nie genoeg rekening gehou het met die beperkte stemomvang van 'n singende volksmassa nie. Die lang note in mnr. Gafner se lied kan effens lastig wees, tensy 'n dirigent vir die kontinuïteit sorg.

Oor die algemeen getuig die meeste pogings van gebrek aan ervaring en tegniese handigheid: as 'n mens wil saamspeel, moet jy die reëls van die spel ken, anders sak jy uit. Die toonsetter moet nie alleen vertrou wees met die grondbeginsels van die harmonieleer nie, maar moet ook besef dat 'n melodie sy eie skoonheid van bou en belying moet hê, en dit is juis hierdie taak van die komponis wat meer op ingewing as op afrigting berus. Dikwels verstaan die mededingers nie die inherente ritme en styltekstuur van die gedig nie, met die gevolg dat teks en toonsetting met mekaar bots. Die Schuberts en Wolfs wat intuïtief die geskikte musikale behandeling voel, kom hoogstens een keer elke honderd jaar. En waar genie versaa, moet tegniek dit vervang: daar is geen ander raad nie.

Ons ernstige sangwese en -kultuur is al so besmet met die Sankeyse „hiem“- en die indien moontlik nog oppervlakkiger „song“-kompleks, dat 'n mens jou nie hoef te verbaas dat die ingesonde stukke duidelike tekens daarvan toon nie. Gevolglik is baie pogings slap en lam, en ontbeert hulle die viriliteit wat hulle lewensvatbaarheid gee. Sommige mededingers komponeer weer te koraal- (gesang-) agtig; want die doel van die wedstryd was om sonder die musikale gehalte prys te gee, 'n lekker singbare liedjie vir die eeu- fees te verkry. Buitendien, wie kan in ons dae dan nog gesange komponeer?

Die toonsetting moes ook geen kunslied wees nie; die kunslied is van 'n meer ambisieuse aard en bedoel vir die solostem, terwyl 'n liedjie vir gesamentlike sang noodsaaklikerwyse op minder subtiele effekte bereken is en sodanig moet gekomponeer word. 'n Klimaks is noodsaaklik, anders ontbeert die lied die nodige lig en skadu-



Mev. Fismar, professor in musiek aan die Universiteit van Stellenbosch.

wee. Die ondervinding leer 'n mens dat die stemomvang van 'n volksmenigte uiters beperk is, en dat 'n lied vir gesamentlike sang in ieder geval nie die E of hoogstens die F na boontoe moet oorskrei nie. „Die Stem“ in die sleutel van F groottert is al effens te hoog vir jou gewone gehore!

By die groot gebrek aan goeie toonsettings van Afrikaanse gedigte, betreur 'n mens die feit dat net een lied, dié van mnr. Gafner kan gepubliseer word; die publikasie van die tien beste toonsettings sou 'n groot verryking vir ons liedkultuur beteken en 'n welkome aanmoediging vir ons aspirant-komponiste gewees het. „Ons Eie Lied“ het 'n swaar stryd teen die oppervlakkigheid wat van die ligte filmliedjie en die „ballad“ uitgaan, en 'n mens kan *Die Huisgenoot* nooit genoeg dankbaar wees nie vir die tasbare kultuurbydrae in die vorm van die uitgeskrewe wedstryd. Kultuur is daar; „Bilde Künstler! Rede nicht“, was Goethe se raad, en dit is van net so veel toepassing op ons tyd as honderd jaar gelede.

M. FISMER  
C. G. S. DE VILLIERS  
C. H. WEICH.

# KOMAAN!

Musiek deur OTTO C. GAFNER

Woorde van JAN F. E. CILLIERS

*Moderato*

Stem

Klavier

*mf*

*mf*

*Con Pedale*

*p espressivo*

*p espressivo*

*f*

*p*

*p espressivo*

*mf*

*p espressivo*

*p espressivo*

*p espressivo*

Daar's 'n na- sie te lei,----- daars 'n

stryd te stry,----- daars werk! daars werk! Daar's nie na guns of

eer- te kyk, daars nie na links of regs te wyk daars net te swyg en aan te stryk----- Kom-

aan! Kom - aan! Kom - aan!

Wees ge-trou! Daar's 'n volk te leer----- om hom-self te

eer,----- te bou; te bou; om God, om God al-leen te vrees aan

aard en taal ge-trou te wees ge-sond en waar van hart en gees ----- Kom

aan! Kom-aan! Kom-aan! We-es fier op 'n

voor-ge slag waard - in wil en daad - ge - spier! ge -

spier Hul - le-wens-weg het ons ge-wys om trou te wees aan waar-heids eis. Wie

laak mag laak, wie prys mag prys. Kom - aan! Kom

aan! Kom - aan!